

1 November

Skrifgedeelte: Jesaja 62:1-12

Fokusgedeelte: Jesaja 62:12

Die gewilde kerk

Wanneer die Ou Testament profeties oor Jerusalem praat, sê dit ook iets oor die kerk vandag. Die Nuwe-Testamentiese kerk is immers die bruidskerk van Christus wat in Openbaring 21 aan die Nuwe Jerusalem verbind word. Oor hierdie kerk/stad sê God in Jesaja 62:12: “En jy, Jerusalem, sal genoem word: gewilde stad ...”

Wanneer Jesaja hierdie profesie uitspreek, is daar in Jerusalem niks wat ons aan gewildheid herinner nie. Die stad is grootliks verwoes en die inwoners verdeeld, verstrooi, leierloos en uitgelewer. Sommige van hierdie omstandighede sou ‘n mens seker ook op die kerk van vandag van toepassing kon maak. ‘n “Gewilde kerk” sal ons ons nie sommer noem nie.

Die gewildheid van Jerusalem hang egter nie af van haar omstandighede of inwoners nie. Die gewildheid vloeい voort uit God se beloftes. God het Hom in liefde aan Jerusalem verbind. Hy is getrou en sal sy beloftes waar maak. Deur sy Seun, Christus, word God se liefde vir die kerk as daad bewys.

Die kerk word dikwels gekritiseer oor sy tekorte en gebreke, maar een ding het die kerk: Dit het God se beloftes! Hierdie beloftes maak die kerk gewild. ‘n Gewilde kerk is dus ‘n kerk waar God se beloftes opklink.

Jesaja laat wagte op die mure plaas om God dag en nag aan sy beloftes te herinner (vers 6). Kan God dan vergeet? Nee, maar óns kan! Ons kan vergeet hoe ons een honderd persent van sy beloftes afhanklik is. Ons kan vergeet dat God se beloftes hoofsaak in die kerk is. Ons het vandag wagte in die kerk nodig, nie wagte om “Wolf, wolf!” of “Vyand, vyand!” te roep nie, maar wagte wat God se beloftes kan laat opklink! Gaan staan vandag met God se beloftes by iemand in nood! Maak die gewilde kerk sigbaar!

Dr WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)